J. BECKMANN, *Kirchliches Jahrbuch für die evangelische Kirche in Deutschland,* Gütersloh, 1951.

Soos van 'n jaarboek te wagte kan wees, bevat hierdie mooi uitgevoerde werk allerlei gegewens en feite betreffende die Evangeliese kerk in Duitsland wat dateer uit so 'n belangrike jaar as 1950, wat gekenmerk is deur hewige konflikte tussen Oos en Wes in en oor Korea

en o.a. die heilige jaar van Rome waarin die dogma van die hemelvaart van Maria afgekondig is. Die jaarboek bied 'n verskeidenheid dokumente uit die jaar wat die houding van die genoemde kerk ten opsigte van die wêreldvrae van die tyd illustreer. Uittreksels uit die vernaamste kerklike besluite, toesprake van kerklike leiers maak dit tot 'n breedvoerige kroniek van die jaargebeure. Daarbenewens kom hierin voor, van die hand van R. Steiner, 'n oorsig oor die ontwikkeling en werk van die Gereformeerde kerke en gemeentes in Duitsland gedurende die jare 1933-1950; van G. Stratenwerth 'n oorsig oor die belangrikste aktiwiteite van die Evangelies Duitse kerk in ander lande, o.a. ook in Suid-Afrika (bls. 347); 'n hoofstuk oor die verhouding tussen skool en kerk na 1945 (E.Osterloh) en uiteindelik 'n uitgebreide statistiek en 'n lys van kerklike waardigheidsbekleders, teologiese fakulteite en kerklike hoërskole in Duitsland.

Hierdie werk bied daarom interessante leesstof vir enige leser wat belangstelling toon in die kerk en veral in die kerklike lewe in Duitsland.

J. A. STOOP.